

13 Julie 2013

Skrifgedeelte: Jesaja 1

Fokusgedeelte: Jesaja 1:18

Van skarlakenrooi tot sneeuwit

Skarlaken staan in die Bybel teenoor die helder wit van sneeu. Elke kleur het sy skakerings. Alle rooi is nie skarlaken en alle wit is nie sneeuwit nie. As die profeet die sonde beskryf, kies hy die diepste rooi. As hy die krag van genade beskryf, kies hy die skoonste wit.

Dis 'n skrikwekkende gedagte dat die sonde in die oë van die Here so donker gekleur is. Ons sien dit nie so ernstig nie en praat dit maklik weg. Ons erken nie maklik die kwaad en die invloed daarvan op ons lewe nie. Daar is soveel verskonings. Die Here noem egter dat ons sonde soos skarlaken is.

Skarlaken is die kleur wat diep in ons weefsels ingetrek het. Dit is die kleur wat deur geen mense mag uit die weefsels verwyder kan word nie. Jy kan die skarlaken nie wegkry deur goeie raad of in 'n reabilitasiesentrum nie. Dit lê te diep. Geen mens kan dit wegneem nie.

Kyk en sien wat die genade van God in Jesus Christus vermag. Wat by die mens onmoontlik is, is by God moontlik! God bedek al ons sonde met die bloed van sy Seun. Sy bloed vlek nie, maar reinig! In die regsak is dit uitgemaak dat die volk van God skuldig, diep skuldig is. Maar Hy neem ons sonde weg. Al die weefsels word skoongemaak – in die plek van skarlaken kom 'n wit, soos sneeu. Dis nie tydelik nie, maar ewig.

Soos sneeu uit die hemel neerval en die aarde bedek, so vlok die volmaaktheid van Jesus Christus op die gelowige neer. Jy staan voor God bedek met die suiwerste wit asof jy nog nooit enige sonde gedoen het nie. Die wonderlike uitkoms is: Vlug tot Christus Jesus met jou skarlakenrooi-bevlekte lewe. Hy bekleed sy kind met die wit klere van sy volmaaktheid.

Sing: Psalm 86:6

Ds. MJ Smidt (Ficksburg)